



S. 559

# STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2123

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.

PRYS 20c PRICE  
OORSEE 30c OVERSEAS  
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 2123

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 117]

PRETORIA, 18 MAART 1975  
18 MARCH 1975

[No 4617]

### PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek  
van Suid-Afrika

No. R. 74, 1975

INWERKINGTREDING VAN SEKERE ARTIKELS  
VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, 1974 (WET 42  
VAN 1974)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 53  
van die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974),  
verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 1 tot  
en met 14, 16 tot en met 24, 26 en 27, 29 tot en met  
32 en 34 tot en met 53, op 1 April 1975 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek  
van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Ses-  
en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd  
Vyf-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

C. P. MULDER.

### GOEWERMENSKENNISGEWING

#### DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 536

18 Maart 1975

#### REGULASIES OP PUBLIKASIES

Die Minister van Binnelandse Sake het kragtens die  
bevoegdheid hom verleen by artikel 44 van die Wet op  
Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974), die volgende regula-  
sies met ingang van 1 April 1975 uitgevaardig:

#### REGULASIES OP PUBLIKASIES

#### INHOUDSOPGAWE

Regulasie No.	Onderwerp
1	Woordbepaling.
2-4	Direktoraat van Publikasies.
5-6	Komitees.
7	Advieskomitees.
8	Ondersoekbeamptes en deskundiges.
9-11	Appèelaad oor Publikasies.
12	Voorgeskrewe bedrae.
13	Voorgeskrewe vorms en prosedures.
14	Voorlegging van publikasies of voorwerpe.
15	Afnem van besonderhede ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp.
16	Voorlegging van rolprente.
17	Vertoning van die goedkeuring van 'n rolprent.

### PROCLAMATION

by the State President of the Republic of  
South Africa

No. R. 74, 1975

COMMENCEMENT OF CERTAIN SECTIONS OF  
THE PUBLICATIONS ACT, 1974 (ACT 42 OF 1974)

Under the powers vested in me by section 53 of the  
Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974), I hereby declare  
that the provisions of sections 1 to 14 inclusive, 16 to  
24 inclusive, 26 and 27, 29 to 32 inclusive and 34 to  
53 inclusive shall come into operation on 1 April 1975.

Given under my Hand and the Seal of the Republic  
of South Africa at Cape Town this Twenty-sixth day of  
February, One thousand Nine hundred and Seventy-five.  
J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:  
C. P. MULDER.

### GOVERNMENT NOTICE

#### DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. R. 536

18 March 1975

#### PUBLICATIONS REGULATIONS

The Minister of the Interior has, under the powers  
vested in him by section 44 of the Publications Act, 1974  
(Act 42 of 1974), made the following regulations with  
effect from 1 April 1975:

Regulation No.	Subject
1	Definitions.
2-4	Directorate of Publications.
5-6	Committees.
7	Advisory Committees.
8	Examining Officers and Experts.
9-11	Publications Appeal Board.
12	Prescribed amounts.
13	Prescribed forms and procedures.
14	Submission of publications or objects.
15	Recording of particulars in respect of a publication or object.
16	Submission of films.
17	Exhibition of the approval of a film.

## WOORDBEPALING

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken "die Wet" die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974).

## DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES

2. 'n Lid van die direktoraat beklee behoudens die bepalings van regulasie 3 sy amp vir 'n tydperk van drie jaar.

3. Die Minister kan 'n lid van die direktoraat in sy amp skors of hom daarvan onthef indien hy—

(a) hom op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike manier gedra het; of

(b) weens ongesiktheid of onvermoë nie in staat is sy ampspligte behoorlik uit te voer nie; of

(c) nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte; of

(d) insolvent raak of sy boedel afstaan ten behoeve van of skikkings tref met sy skuldeisers of indien daar 'n siviele gyselingsbevel deur 'n gereghof teen hom gegee word, tensy hy kan aantoon dat sodanige insolvensie, boedelafstand, skikking of siviele gyseling deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of

(e) 'n blywende verstandelike of liggaamlike swakheid opdoen wat hom ongesik maak vir die behoorlike vervulling van sy ampspligte; of

(f) skuldig bevind word aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of weens 'n ander misdryf tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word;

(g) sonder dat hy eers die toestemming van die Minister verkry het, enige inligting wat hy as gevolg van sy aanstelling as lid van die direktoraat inwin of bekom het, openbaar maak of gebruik anders as in die vervulling van sy ampspligte, ongeag of hy sodanige inligting bekend maak of nie; of

(h) deur sy gedrag of sy gepubliseerde geskrifte die goeie naam van die direktoraat, 'n komitee of die appèlraad benadeel; of

(i) 'n lid van die Senaat of van die Volksraad of van 'n provinsiale raad of van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika word; of

(j) sy amp in 'n skriftelike mededeling aan die Minister gerig, neerlê.

4. (1) Die besoldiging betaalbaar aan lede van die direktoraat is soos volg:

	Per jaar R
direkteur.....	14 400
adjunk-direkteur.....	13 200
onderdirekteur.....	12 600

maandeliks betaalbaar in gelyke bedrae.

(2) Aan 'n lid van die direktoraat word dieselfde verblyfteloae, reisgeriewe en oorplasingskoste betaal of toegeken as wat ingevolge Hoofstukke D, E en F van die regulasies afgekondig kragtens Goewermentskennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, aan 'n beampot wat 'n pos van adjunk-sekretaris beklee in die administratiewe afdeling bedoel in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), betaal of toegeken word en aan bedoelde lid word die maksimum voorregte ten opsigte van afwesigheidsverlof verleen wat in Hoofstuk C van daardie regulasies vervat is.

(3) Aan 'n lid van die direktoraat word 'n verlofgratifikasie en vakansiebesparingsbonus betaal op dieselfde grondslag as die wat van toepassing sou wees indien hy 'n beampot of werknemer in die Staatsdiens

## DEFINITIONS

1. In these regulations unless the context otherwise indicates "the Act" means the Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974).

## DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

2. A member of the directorate shall, subject to the provisions of regulation 3, hold office for a period of three years.

3. The Minister may suspend a member of the directorate or remove him from office if he—

(a) has conducted himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner; or

(b) is, on account of unfitness or incapacity, unable to carry out his duties of office in an efficient manner; or

(c) is negligent or indolent in the discharge of his duties; or

(d) becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compromises with his creditors, or has an order of civil imprisonment made against him by any court of law, unless he can show that such insolvency, assignment, compromise or civil imprisonment has been occasioned by unavoidable misfortune; or

(e) becomes afflicted with a permanent infirmity of mind or body which renders him unfit for the proper discharge of the duties of his office; or

(f) is convicted of an offence of which dishonesty is an element or if for any other offence he is sentenced to imprisonment without the option of a fine; or

(g) without first having obtained the permission of the Minister, publishes or uses, otherwise than in the discharge of his duties of office, any information gained by, or conveyed to, him as a result of his appointment as a member of the directorate, irrespective of whether or not he discloses such information; or

(h) by his conduct or his published writings prejudices the reputation of the directorate, a committee or the appeal board; or

(i) becomes a member of the Senate, or of the House of Assembly, or of a provincial council, or of the Legislative Assembly of South-West Africa; or

(j) resigns his office in a letter addressed to the Minister.

4. (1) The remuneration payable to members of the directorate shall be as follows:

	Per annum R
director.....	14 400
deputy director.....	13 200
assistant director.....	12 600

payable monthly in equal instalments.

(2) There shall be paid or granted to a member of the directorate the same subsistence allowance, travelling facilities and transfer expenses as those paid or granted in terms of Chapters D, E and F of the regulations promulgated under Government Notice 2047 of 11 December 1959, to an officer holding a post of deputy secretary in the administrative division referred to in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) and the said member shall be granted the maximum privileges in respect of leave of absence contained in Chapter C of those regulations.

(3) To a member of the directorate there shall be paid a leave gratuity and a vacation savings bonus on the same basis as that which would have applied had he been an officer or employee in the Public Service,

was, soos in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), omskryf: Met dien verstande dat bedoelde verlofgratifikasie ook aan bedoelde lid betaal kan word as sy dienst eindig as gevolg van die verstryking van sy dienstermy, en hy nie weer heraangestel word nie.

(4) Die Sekretaris van Binnelandse Sake tree vir die doeleindes van hierdie regulasie op as die departementshoof.

#### KOMITEES

5. Die direktaat kan 'n lid van 'n komitee in sy amp skors of hom daarvan onthef indien hy—

(a) hom op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike manier gedra het; of

(b) weens ongeskiktheid of onvermoë nie in staat is om sy amsplike behoorlik uit te voer nie; of

(c) nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte; of

(d) insolvent raak of sy boedel afstaan ten behoeve van of skikkings tref met sy skuldeisers of indien daar 'n siviele gyselingsbevel deur 'n geregshof teen hom gegee word, tensy hy kan aantoon dat sodanige insolvensie, boedelafstand, skikking of siviele gyseling deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of

(e) 'n blywende verstandelike of liggaamlik swakheid opdoen wat hom ongeskik maak vir die behoorlike vervulling van sy amsplike; of

(f) skuldig bevind word aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of weens 'n ander misdryf tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word;

(g) sonder dat hy eers die toestemming van die Minister verkry het, enige inligting wat hy as gevolg van sy aanstelling as lid van 'n komitee ingewin of bekom het, openbaar maak of gebruik anders as in die vervulling van sy amsplike, ongeag of hy sodanige inligting bekend maak of nie; of

(h) deur sy gedrag of sy gepubliseerde geskrifte die goeie naam van die direktaat, 'n komitee of die appèlraad benadeel; of

(i) 'n lid van die Senaat of van die Volksraad of van 'n provinsiale raad of van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika word; of

(j) sy amp in 'n skriftelike mededeling aan die direkteur gerig, neerlê.

6. (1) Aan 'n lid van 'n komitee word 'n toelae van R20 per dag betaal vir elke dag waarop bedoelde lid—

(a) 'n vergadering of vergaderings van 'n komitee bywoon; of

(b) in opdrag van die voorzitter van 'n komitee werkzaamhede van die komitee verrig.

(2) Aan 'n voorzitter van 'n komitee word 'n bykomende toelae van R10 per dag betaal vir elke dag waarop hy op 'n vergadering of vergaderings van 'n komitee voorstof waarop hy met die werkzaamhede van 'n komitee besig is.

(3) Die toelae in subregulasie (1) bedoel en die bykomende toelae in subregulasie (2) bedoel, oorskry nie ten opsigte van een dag die bedrae in vermelde subregulasies vermeld nie.

(4) Aan 'n lid van 'n komitee word dieselfde verblyftoelae en reisgeriewe betaal of toegeken as wat ingevolge Hoofstukke D en E van die regulasies, afgekondig kragtens Goewermentskennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, aan 'n beampie wat 'n pos van onder-sekretaris beklee in die administratiewe afdeling bedoel in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) omskryf, betaal of toegeken word.

defined in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957): Provided that the said leave gratuity may also be paid to the said member if his services terminate as a result of the expiry of his term of office, and he is not reappointed.

(4) The Secretary for the Interior shall for the purposes of this regulation act as the head of department.

#### KOMITTEES

5. The directorate may suspend a member of a committee or remove him from office if he—

(a) has conducted himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner; or

(b) is, on account of unfitness or incapacity, unable to carry out his duties of office in an efficient manner; or

(c) is negligent or indolent in the discharge of his duties; or

(d) becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compromises with his creditors, or has an order of civil imprisonment made against him by any court of law, unless he can show that such insolvency, assignment, compromise or civil imprisonment has been occasioned by unavoidable misfortune; or

(e) becomes afflicted with a permanent infirmity of mind or body which renders him unfit for the proper discharge of the duties of his office; or

(f) is convicted of an offence of which dishonesty is an element or if for any other offence he is sentenced to imprisonment without the option of a fine; or

(g) without first having obtained the permission of the Minister, publishes or uses, otherwise than in the discharge of his duties of office, any information gained by, or conveyed to him as a result of his appointment as a member of a committee, irrespective of whether or not he discloses such information; or

(h) by his conduct or his published writings prejudices the reputation of the directorate, a committee or the appeal board; or

(i) becomes a member of the Senate, or of the House of Assembly, or of a provincial council, or of the Legislative Assembly of South-West Africa; or

(j) resigns his office in a letter addressed to the director.

6. (1) There shall be paid to a member of a committee an allowance of R20 per day for each day upon which the said member—

(a) attends a meeting or meetings of a committee; or

(b) performs work of a committee on the instructions of the chairman of that committee.

(2) There shall be paid to a chairman of a committee an additional allowance of R10 per day for each day upon which he chairs a meeting or meetings of a committee or upon which he performs work of a committee.

(3) The allowance referred to in subregulation (1) and the additional allowance referred to in subregulation (2) shall not exceed the amounts mentioned in the said subregulations in respect of any one day.

(4) There shall be paid or granted to a member of a committee the same subsistence allowance and travelling facilities as those paid or granted in terms of Chapters D and E of the regulations promulgated under Government Notice 2047 of 11 December 1959, to an officer holding a post of under secretary in the administrative division referred to in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957).

(5) Die Sekretaris van Binnelandse Sake tree vir die doeleindes van hierdie regulasie op as die departments hoof.

#### ADVIESKOMITEES

7. (1) Aan 'n lid van 'n advieskomitee bedoel in artikel 6 of 7 van die Wet word 'n toelae van R20 per dag betaal vir elke dag waarop bedoelde lid 'n vergadering of vergaderings van bedoelde advieskomitee bywoon.

(2) Aan 'n voorsitter van 'n advieskomitee in subregulasie (1) bedoel word 'n bykomende toelae van R10 per dag betaal vir elke dag waarop hy op 'n vergadering of vergaderings van die advieskomitee voorstel of waarop hy met die werksaamhede van die advieskomitee besig is.

(3) Die toelae in subregulasie (1) bedoel en die bykomende toelae in subregulasie (2) bedoel, oorskry nie ten opsigte van een dag die bedrae in vermelde subregulasies vermeld nie.

#### ONDERSOEKBEAMPTES EN DESKUNDIGES

8. (1) Aan iemand wat ingevolge artikel 17 van die Wet gemagtig is, word 'n bedrag van R5 betaal vir elke ondersoek van publikasies of voorwerpe wat hy kragtens bedoelde artikel op 'n besondere plek onderneem: Met dien verstande dat die bedrag wat kragtens hierdie subregulasie betaalbaar is, nie R20 per dag oorskry nie.

(2) Aan iemand bedoel in artikel 3 (b) van die Wet word 'n bedrag van R20 per dag betaal vir elke dag waarop hy 'n komitee van advies dien.

(3) Aan iemand bedoel in artikel 38 (8) van die Wet word 'n bedrag van R40 per dag betaal vir elke dag waarop hy deur die appèlraad geraadpleeg word.

#### APPÈLRAAD OOR PUBLIKASIES

9. Die Minister kan 'n lid van die appèlraad in sy amp skors of hom daarvan onthef indien hy—

(a) hom op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike manier gedra het; of

(b) weens ongesiktheid of onvermoë nie in staat is om sy amspeligte behoorlik uit te voer nie; of

(c) nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte; of

(d) insolvent raak of sy boedel afstaan ten behoeve van of skikkings tref met sy skuldeisers of indien daar 'n siviele gyselingsbevel deur 'n gereghof teen hom gegee word, tensy hy kan aantoon dat sodanige insolvensie, boedelafstand, skikking of siviele gyseling deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of

(e) 'n blywende verstandelike of liggaamlike swakheid opdoen wat hom ongesik maak vir die behoorlike vervulling van sy amspeligte; of

(f) skuldig bevind word aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of weens 'n ander misdryf tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word; of

(g) sonder dat hy eers die toestemming van die Minister verkry het, enige inligting wat hy as gevolg van sy aanstelling as lid van die appèlraad inwin van bekom het, openbaar maak of gebruik anders as in die vervulling van sy amspeligte, ongeag of hy sodanige inligting bekend maak of nie; of

(h) deur sy gedrag of sy gepubliseerde geskrifte die goeie naam van die direktaat, 'n komitee of die appèlraad benadeel; of

(i) 'n lid van die Senaat of van die Volksraad of van 'n provinsiale raad of van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika word; of

(j) sy amp in 'n skriftelike mededeling aan die Minister gerig, neerlê.

(5) The Secretary for the Interior shall for the purposes of this regulation act as the head of department.

#### ADVISORY COMMITTEES

7. (1) There shall be paid to a member of an advisory committee referred to in section 6 or 7 of the Act an allowance of R20 per day for each day upon which the said member attends a meeting or meetings of the said advisory committee.

(2) There shall be paid to a chairman of an advisory committee referred to in subregulation (1) an additional allowance of R10 per day for each day upon which he chairs a meeting or meetings of the advisory committee or upon which he performs work of the advisory committee.

(3) The allowance referred to in subregulation (1) and the additional allowance referred to in subregulation (2) shall not exceed the amounts mentioned in the said subregulation in respect of any one day.

#### EXAMINING OFFICERS AND EXPERTS

8. (1) There shall be paid to any person authorised in terms of section 17 of the Act, and amount of R5 for the examination of publications or objects undertaken at any particular place in terms of the said section: Provided that the amount payable in terms of this subregulation shall not exceed R20 a day.

(2) There shall be paid to any person referred to in section 3 (b) of the Act and amount of R20 for every day on which he gives advice to a committee.

(3) There shall be paid to any person referred to in section 38 (8) of the Act an amount of R40 for every day on which he is consulted by the appeal board.

#### PUBLICATIONS APPEAL BOARD

9. The Minister may suspend a member of the appeal board or remove him from office if he—

(a) has conducted himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner; or

(b) is, on account of unfitness or incapacity, unable to carry out his duties of office in an efficient manner; or

(c) is negligent or indolent in the discharge of his duties; or

(d) becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compromises with his creditors, or has an order of civil imprisonment made against him by any court of law, unless he can show that such insolvency, assignment, compromise or civil imprisonment has been occasioned by unavoidable misfortune; or

(e) becomes afflicted with a permanent infirmity of mind or body which renders him unfit for the proper discharge of the duties of his office; or

(f) is convicted of an offence of which dishonesty is an element or if for any other offence he is sentenced to imprisonment without the option of a fine; or

(g) without first having obtained the permission of the Minister, publishes or uses, otherwise than in the discharge of his duties of office, any information gained by, or conveyed to him as a result of his appointment as a member of the appeal board, irrespective of whether or not he discloses such information; or

(h) by his conduct or his published writings prejudices the reputation of the directorate, a committee or the appeal board; or

(i) becomes a member of the Senate, or of the House of Assembly, or of a provincial council, or of the Legislative Assembly of South-West Africa; or

(j) resigns his office in a letter addressed to the Minister.

10. (1) Indien die voorsitter van die appèlraad nie 'n persoon is wat nie voor sy aanstelling as voorsitter van die appèlraad die amp van 'n regter van die Hooggereghof van Suid-Afrika beklee het nie—

(a) is die besoldiging betaalbaar aan bedoelde voorsitter R16 800 per jaar maandeliks betaalbaar in gelyke bedrae;

(b) word aan bedoelde voorsitter dieselfde verbluftoeleae, reisgeriewe en oorplasingskoste betaal of toegeken as wat ingevolge Hoofstukke D, E en F van die regulasies soos aangekondig kragtens Goewerments-kennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, aan 'n beampete wat 'n pos van sekretaris beklee in die administratiewe afdeling van die Staatsdiens bedoel in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), betaal of toegeken en aan bedoelde voorsitter word die maksimum voorregte ten opsigte van afwesigheidsverlof verleen wat in Hoofstuk C van daardie regulasies vervat is;

(c) word aan bedoelde voorsitter 'n verlofgratifikasie en vakansiebesparingsbonus betaal op dieselfde grondslag as die wat van toepassing sou wees indien hy 'n beampete of werkneem in die Staatsdiens was, soos in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), omskryf: Met dien verstande dat bedoelde verlofgratifikasie ook aan bedoelde voorsitter betaal kan word as sy dienste eindig as gevolg van die verstryking van sy dienstermy en hy nie weer heraangestel word nie.

(2) Die Sekretaris van Binnelandse Sake tree vir die oeleindes van hierdie regulasie op as die departementshoof.

(3) Indien die voorsitter van die appèlraad 'n persoon is wat voor sy aanstelling as voorsitter van die appèlraad die amp van 'n regter van die Hooggereghof van Suid-Afrika beklee het—

(a) is die besoldiging betaalbaar aan bedoelde voorsitter—

(i) R18 500 per jaar; en

(ii) 'n toelae van R2 700 per jaar ter bestydging van onkoste wat deur hom in verband met sy amsplyte aangegaan word;

maandeliks betaalbaar in gelyke bedrae;

(b) word aan bedoelde voorsitter op aansoek deur hom afwesigheidsverlof met volle betaling toegestaan vir sodanige tydperk of tydperke wat 70 dae per jaar nie te boven mag gaan nie, en onderworpe aan sodanige voorwaarde as wat die Minister mag bepaal: Met dien verstande—

(i) dat die Minister aan bedoelde voorsitter afwesigheidsverlof met volle betaling kan toestaan vir 'n bykomende tydperk van hoogstens vier en 'n half maande gedurende sy dienstermy;

(ii) dat indien die Minister in buitengewone omstandighede oortuig is dat afwesigheidsverlof in 'n bepaalde gevval waarvoor daar nie in hierdie paragraaf voorseening gemaak is nie, billikheidshalwe toegestaan behoort te word, kan hy aan bedoelde voorsitter sodanige verlof toestaan onderworpe aan sodanige voorwaarde as wat hy mag bepaal;

(iii) dat geen verlof wat kragtens hierdie paragraaf toegestaan kan word, oplopend is nie en geen besoldiging ten opsigte van verlof wat geneem kon gewees het maar waarvan nie gebruik gemaak is nie, betaalbaar is nie;

(c) word deur die Minister aan bedoelde voorsitter siekterverlof met volle betaling toegestaan vir sodanige tydperk of tydperke wat 'n geneesheer sertificeer dat die voorsitter weens siekte wat deur die geneesheer gespesifieer moet word, nie sy pligte kan vervul nie;

10. (1) If the chairman of the appeal board is not a person who before his appointment as chairman of the appeal board occupied the office of a judge of the Supreme Court of South Africa—

(a) the remuneration payable to the said chairman shall be R16 800 per annum payable monthly in equal instalments;

(b) there shall be paid or granted to the said chairman the same subsistence allowance, travelling facilities and transfer expenses as those paid or granted in terms of Chapters D, E and F of the regulations promulgated under Government Notice 2047 of 11 December 1959, to an officer holding a post of secretary in the administrative division as referred to in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) and to the said chairman there shall be granted the maximum privileges in respect of leave of absence contained in Chapter C of the aforementioned regulations;

(c) there shall be paid to the said chairman a leave gratuity and a vacation savings bonus on the same basis as that which would have applied had he been an officer or employee in the Public Service, as defined in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957): Provided that the said leave gratuity may also be paid to the said chairman if his services terminate as a result of the expiry of his term of office, and he is not reappointed.

(2) The Secretary for the Interior shall for the purposes of this regulation act as the head of department.

(3) If the chairman of the appeal board is a person who before his appointment as chairman of the appeal board occupied the office of a judge of the Supreme Court of South Africa—

(a) the remuneration payable to the said chairman shall be—

(i) R18 500 per annum; and

(ii) an allowance of R2 700 per annum to meet expenditure incurred by him in connection with his official duties;

payable monthly in equal instalments;

(b) there shall be granted to the said chairman on application by him leave of absence on full pay for such period or periods not exceeding 70 days per annum and subject to such conditions as the Minister may determine: Provided—

(i) that the Minister may grant leave of absence on full pay to the said chairman for an additional period not exceeding four and a half months during his period of office;

(ii) that if in exceptional circumstances the Minister is satisfied that leave of absence of which no provision has been made in this paragraph should in a specific case on the grounds of equity be granted, he may grant such leave to the said chairman on such conditions as he may determine;

(iii) that no leave which may be granted in terms of this paragraph shall be accumulative and no remuneration shall be claimed in respect of leave which could have been taken but which was not utilized;

(c) there shall be granted by the Minister to the said chairman sick leave on full pay for such period or periods that a medical officer certifies that the chairman cannot because of his illness which is to be specified by such medical practitioner, perform his duties of office;

(d) word aan bedoelde voorzitter dieselfde vervoer en voevoer-, reis- en onderhoudstoelae en oorplasingskoste betaal of toegeken as wat kragtens regulasies 9, 10, 13 en 14, soos aangekondig in Goewermentskennisgewing R.15 van 7 Januarie 1972, aan 'n persoon wat die amp van 'n regter van die Hooggereghof van Suid-Afrika beklee, betaal of toegeken word.

(4) Die Sekretaris van Binnelandse Sake hou 'n register van alle verlof wat deur die Minister aan die voorzitter van die appèlraad bedoel in subregulasië (3) toegestaan word.

(5) Vir die doeleindes van subregulasië (3) (b) (i) beteken "werklike diens" ook elke tydperk van verlof wat kragtens subregulasië (3) (b) en (c) toegestaan word.

11 (1) Aan 'n lid van die appèlraad wat nie die voorzitter van die appèlraad is nie, word 'n toelae van R40 per dag betaal vir elke dag waarop bedoelde lid—

(a) 'n vergadering of vergaderings van die appèlraad bywoon; of

(b) in opdrag van die voorzitter of waarnemende voorzitter van die appèlraad werksaamhede van die appèlraad verrig.

(2) Aan 'n lid van die appèlraad bedoel in artikel 35 (3) (c) van die Wet word 'n bykomende toelae van R40 per dag betaal vir elke dag waarop bedoelde lid kragtens artikel 35 (6) van die Wet op 'n vergadering of vergaderings van die appèlraad voorsit.

(3) Aan 'n lid van die appèlraad bedoel in artikel 35 (4) van die Wet word 'n bykomende toelae van R40 per dag betaal vir elke dag waarop hy met die werksaamhede in subregulasië (1) bedoel, besig is.

(4) Die toelae in subregulasië (1) bedoel en die bykomende toelae in onderskeidelik subregulasië (2) en (3) bedoel oorskry nie ten opsigte van een dag die bedrae in vermelde subregulasië vermeld nie.

(5) Aan 'n lid van die appèlraad wat nie die voorzitter van die appèlraad is nie, word dieselfde verblyftolae en reisgeriewe betaal of toegeken as wat ingevolge Hoofstukke D en E van die Staatsdiensregulasiës, soos aangekondig in Goewermentskennisgewing 2047 van 11 Desember 1959, aan 'n beampete wat 'n pos van sekretaris beklee in die administratiewe afdeling van die Staatsdiens soos in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), omskryf, betaal of toegeken word.

(6) Die Sekretaris van Binnelandse Sake tree vir die doeleindes van hierdie regulasië op as die departementshoof.

#### VOORGESKREWE BEDRAE

##### VOORLEGGINGS

12. (1) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—  
 (a) 'n aansoek om 'n beslissing van 'n komitee te verkry oor 'n publikasie of voorwerp bedoel in artikel 10 (1) (a) van die Wet deur iemand wat daardie publikasie of voorwerp voortbring of versprei—

(i) in die geval van 'n tekening, prent, R1,00

illustrasie, skildery, houtsnee of dergelyke voorstelling, afdruk, foto, gravure of lithografie, figuur, afgietsel, snywerk, standbeeld of model

(ii) in die geval van 'n ander publikasie of voorwerp R5,00

(b) 'n aansoek om goedkeuring van 'n rolprent bedoel in artikel 20 (1) van die Wet—

(i) in die geval van 'n rolprent met R0,30 vir elke insluiting van 'n filmkaset, magnetiese bandkaset of videotplaat minuut van die looptyd van sodanige rolprent onderworpe aan 'n minimum bedrag van R1,00

(ii) in die geval van 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n meganiese toestel vertoon te word R1,00 vir tien of minder as tien prente

(d) there shall be paid or granted to the said chairman the same transport, transport, travelling and subsistence allowances and transfer expenses as those paid or granted in terms of regulations 9, 10, 13 and 14 as published in Government Notice R. 15 of 7 January 1972 to a person occupying the office of a judge of the Supreme Court of South Africa.

(4) The Secretary for the Interior shall keep a record of all leave granted by the Minister to the chairman of the appeal board referred to in subregulation (3).

(5) For the purposes of subregulation (3) (b) (i) "actual service" includes every period of leave granted in terms of subregulation (3) (b) and (c).

11. (1) There shall be paid to a member of the appeal board who is not the chairman of the appeal board an allowance of R40 per day for each day upon which the said member—

(a) attends a meeting or meetings of the appeal board; or

(b) performs work of the appeal board on the instruction of the chairman or acting chairman of the appeal board.

(2) There shall be paid to a member of the appeal board referred to in section 35 (3) (c) of the Act an additional allowance of R40 per day for each day upon which such member in terms of section 35 (6) of the Act, chairs a meeting or meetings of the appeal board.

(3) There shall be paid to a member of the appeal board referred to in section 35 (4) of the Act, an additional allowance of R40 per day for each day upon which he performs the work referred to in subregulation (1).

(4) The allowance referred to in subregulation (1) and the additional allowances referred to in subregulations (2) and (3) respectively shall not exceed the amount mentioned in the said subregulations in respect of any one day.

(5) There shall be paid or granted to a member of the appeal board who is not the chairman of the appeal board, the same subsistence allowance and travelling facilities as those paid or granted in terms of Chapter D and E of the regulations promulgated under Government Notice 2047 of 11 December 1959, to an office holding a post of secretary in the administrative division referred to in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957).

(6) The Secretary for the Interior shall for the purpose of this regulation act as the head of department.

#### PREScribed AMOUNTS

##### SUBMISSIONS

12. (1) The following amounts shall be payable in respect of—  
 (a) an application to obtain a decision of a committee on publication or object referred to in section 10 (1) (a) of the Act by any person who produces or distributes that publication or object—

(i) in the case of a drawing, picture, R1,00 illustration, painting, woodcut or similar representation, print, photograph, engraving or lithograph, figure, cast, carving, statue or model

(ii) in the case of any other publication R5,00 or object

(b) an application for the approval of a film referred to in section 20 (1) of the Act—

(i) in the case of a cinematograph film R0,30 for each minute of the running time of such film subject to a minimum amount of R1,00

(ii) in the case of a picture intended for exhibition through the medium of a mechanical device R1,00 for ten or fewer than ten pictures

(iii) in die geval van 'n deel van 'n rol-	R1,00
prent wat vertoon word om daardie	
rolprent te adverteer	

(iv) in die geval van 'n vertoonde illus-	R1,00 per rol-
stracie of illustrasies van iets wat op	
'n rolprent betrekking het	

**VRYSTELLINGS**

(2) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—

(a) 'n aansoek om vrystelling van die be-	R1,00
palings van artikel 8 van die Wet, bedoel	
in artikel 8 (3) van die Wet of om 'n af-	
skrif van 'n vrystellingsdokument waarin	
sodanige vrystelling verleen is	

  

(b) 'n aansoek om vrystelling van die be-	R1,00
palings van artikel 28 van die Wet, be-	
doel in artikel 28 (5) van die Wet of om	
'n afskrif van 'n vrystellingsdokument	
waarin sodanige vrystelling verleen is	

**PERMITTE**

(3) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—

(a) 'n aansoek om 'n permit bedoel in artikel	R1,00
10 (1) (b) van die Wet of om 'n afskrif van	
sodanige permit	
(b) 'n aansoek om 'n permit bedoel in artikel	R1,00
10 (1) (c) van die Wet of om 'n afskrif van	
sodanige permit.	
(c) 'n aansoek om 'n permit bedoel in artikel	R1,00
19 (3) van die Wet of om 'n afskrif van	
sodanige permit	
(d) 'n aansoek om 'n permit bedoel in artikel	R1,00
27 (1) (f) van die Wet of om 'n afskrif	
van sodanige permit	

**KENNISGEWINGS VAN APPÈL**

(4) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—

(a) 'n kennisgewing van appèl ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp bedoel in artikel 13 (2) van die Wet—	
(i) in die geval van 'n tekening, prent,	R5,00
illustrasie, skildery, houtsnee of	
dergelyke voorstelling, afdruk, foto,	
gravure of litografie, figuur, afgietsel,	
snywerk, standbeeld of model	
(ii) in die geval van 'n ander publikasie	R25,00
of voorwerp	
(b) 'n kennisgewing van appèl ten opsigte van 'n rolprent bedoel in artikel	
23 (3) van die Wet—	
(i) in die geval van 'n rolprent met in-	R25,00
sluiting van 'n filmkasset, magnetiese	
bandkasset of videoplaat	
(ii) in die geval van 'n prent wat bestem	R5,00 vir tien of
is om deur middel van 'n meganiese	minder as tien
toestel vertoon te word	prente.
(iii) in die geval van 'n deel van rolprent	R5,00
wat vertoon word om daardie rol-	
prent te adverteer	
(iv) in die geval van 'n vertoonde illus-	R5,00 per rol-
stracie of illustrasies van iets wat op	
'n rolprent betrekking het	prent.
(c) 'n kennisgewing van appèl ten opsigte	R25,00
van 'n openbare vermaaklikheid of voor-	
genome openbare vermaaklikheid be-	
doel in artikel 31 (3) van die Wet	
(d) 'n kennisgewing van appèl ten opsigte	R5,00
van 'n aansoek om 'n permit of vrystel-	
ling bedoel in artikel 40 (2) van die Wet	

**HERSIENINGS**

(5) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—

(a) 'n aansoek om hersiening van 'n publikasie of voorwerp bedoel in artikel 15 (1) van die Wet—	
(i) in die geval van 'n tekening, prent,	R5,00
illustrasie, skildery, houtsnee of	
dergelyke voorstelling, afdruk, foto,	
gravure of litografie, figuur, afgietsel,	
snywerk, standbeeld of model	
(ii) in die geval van 'n ander publikasie	R25,00
of voorwerp	
(b) 'n aansoek om hersiening van 'n rolprent bedoel in artikel	
25 (1) van die Wet—	
(i) in die geval van 'n rolprent met in-	R0,60 vir elke
sluiting van 'n filmkasset, magnetiese	minuut van die
bandkasset of videoplaat	loop tyd van so-
	danige rolprent
	onderworpe aan
	'n minimum be-
	drag van R2,00

(iii) in the case of a portion of a cinema-	R1,00
graph film exhibited for the pur-	
pose of advertising such film	

(iv) in the case of an exhibited illustra-	R1,00 per cinema-
tion or illustrations of any matter	
relating to a cinematograph film	

**EXEMPTIONS**

(2) The following amounts shall be payable in respect of—

(a) an application for exemption from the	R1,00
provisions of section 8 of the Act, referred	
to in section 8 (3) of the Act, or for a copy	
of a document of exemption in which	
such exemption has been granted	

  

(b) an application for exemption from the	R1,00
provisions of section 28 of the Act,	
referred to in section 28 (5) of the Act,	
or for a copy of a document of exemption	
in which such exemption has been granted	

**PERMITS**

(3) The following amounts shall be payable in respect of—

(a) an application for a permit referred to in	R1,00
section 10 (1) (b) of the Act or for a copy	
of such permit	

  

(b) an application for a permit referred to in	R1,00
section 10 (1) (c) of the Act or for a copy	
of such permit	

  

(c) an application for a permit referred to in	R1,00
section 19 (3) of the Act or for a copy of	
such permit	

  

(d) an application for a permit referred to in	R1,00
section 27 (1) (f) of the Act or for a copy	
of such permit	

**NOTICES OF APPEAL**

(4) The following amounts shall be payable in respect of—

(a) a notice of appeal in respect of a publication or object referred to in section 13 (2) of the Act—	
(i) in the case of a drawing, picture,	R5,00
illustration, painting, woodcut or	
similar representation, print, photo-	
graph, engraving or lithograph,	
figure, cast, carving, statue or model	
(ii) in the case of any other publication	R25,00
or object	
(b) a notice of appeal in respect of a film referred to in section	
23 (3) of the Act—	
(i) in the case of a cinematograph film	R25,00
including a film cassette, magnetic	
tape cassette or videoplate	
(ii) in the case of a picture intended for	R5,00 for ten or
exhibition through the medium of a	fewer than ten
mechanical device	pictures
(iii) in the case of a portion of a cine-	R5,00
matograph film for the purpose of	
advertising such film	
(iv) in the case of an exhibited illustration	R5,00 per cine-
or illustrations of any matter relating	matograph film
to a cinematograph film	
(c) a notice of appeal in respect of a public	R25,00
entertainment or intended public enter-	
tainment referred to in section 31 (3) of	
the Act	
(d) a notice of appeal in respect of an appli-	R5,00
cation for a permit or an exemption	
referred to in section 40 (2) of the Act	

**REVIEWS**

(5) The following amounts shall be payable in respect of—

(a) an application for the review of a publication or object referred to in section 15 (1) of the Act—	
(i) in the case of a drawing, picture,	R5,00
illustration, painting, woodcut or	
similar representation, print, photo-	
graph, engraving or lithograph,	
figure, cast, carving, statue or model	
(ii) in the case of any other publication	R25,00
or object	
(b) an application for the review of a film referred to in section	
25 (1) of the Act—	
(i) in the case of a cinematograph film	R0,60 for each
including a film cassette, magnetic	minute of the
tape cassette or videoplate	running time of
	such film sub-
	ject to a mini-
	mum amount of
	R2,00

(ii) in die geval van 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n mekaniese toestel vertoon te word	R5,00 vir tien of minder as tien prente
(iii) in die geval van 'n deel van 'n rolprent wat vertoon word om daardie rolprent te adverteer	R5,00
(iv) in die geval van 'n vertoonde illustrasie of illustrasies van iets wat op 'n rolprent betrekking het	R5,00 per rolprent
(c) 'n aansoek om hersiening van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid bedoel in artikel 33 (1) van die Wet	R50,00

## AFSKRIFTE VAN SERTIFIKATE

- (6) Die volgende bedrae is betaalbaar ten opsigte van—
- (a) 'n afskrif van 'n sertifikaat van goedkeuring van 'n rolprent bedoel in artikel 22 van die Wet—
    - (i) in die geval van 'n rolprent met insluiting van 'n filmkasset, magnetiese bandkasset of videoplaat—
      - (aa) deur die persoon wat daardie rolprent kragtens artikel 20 (1) of 25 (1) voorgelê het R 1,00
      - (bb) deur enigiemand anders ..... R 30,00
    - (ii) in die geval van 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n mekaniese toestel vertoon te word R 1,00
    - (iii) in die geval van 'n deel van 'n rolprent wat vertoon word om daardie rolprent te adverteer R 1,00
    - (iv) in die geval van 'n vertoonde illustrasie of illustrasies van iets wat op 'n rolprent betrekking het R 1,00
  - (b) 'n afskrif van 'n verslag van die voorsitter van die appèlraad bedoel in artikel 36 (6) van die Wet R 5,00

(7) Die voorsitter van die komitee wat 'n rolprent kragtens artikel 21 (1) of 25 (2) (a) van die Wet ondersoek, kan van die persoon wat daardie rolprent aan die komitee vertoon enige afdoende bewys van die lengte of die loopwyd van daardie rolprent eis.

## VOORGESKREWE VORMS EN PROSEDURE

13. (1) 'n Verwysing in hierdie regulasie na 'n vorm in 'n bylae met 'n bepaalde nommer, is 'n verwysing na die vorm in die Bylae met daardie nommer.

(2) Die aansoek om vrystelling van 'n bepaling of bepalingen van artikel 8 van die Wet moet in die vorm van Bylae A aan die direkteur voorgelê word.

(3) Die permit wat kragtens artikel 19 (3) van die Wet uitgereik kan word, moet in die vorm van Bylae B uitgereik word.

(4) Die aansoek om goedkeuring bedoel in artikel 20 (1) van die Wet moet skriftelik in die vorm van Bylae C en die aansoek om hersiening bedoel in artikel 25 (1) van die Wet moet skriftelik in vermelde vorm aan die direkteur voorgelê word, en die goedkeuring van 'n rolprent moet skriftelik in die vorm van Bylae D, E, F of G verstrek word, na gelang van die geval.

(5) Die aansoek om vrystelling van die bepalingen van artikel 28 van die Wet moet in die vorm van Bylae H aan die direkteur voorgelê word.

(6) Die aansoek om registrasie in artikel 29 (2) van die Wet bedoel moet in die vorm van Bylae I aan die direkteur voorgelê word en die registrasiesertifikaat wat kragtens artikel 29 (3) van die Wet uitgereik kan word, moet in die vorm van Bylae J uitgereik word.

(7) Die aansoek om hersiening bedoel in artikel 33 (1) van die Wet moet skriftelik in die vorm van Bylae K voor- gelê word.

(8) Die kennisgewing van appèl bedoel in artikel 40 (2) van die Wet moet skriftelik in die vorm van Bylae L aan die klerk van die appèlraad voorgelê word.

(9) Die toegangsmagtiging in artikel 41 (1) van die Wet bedoel moet in die vorm van Bylae M uitgereik word.

(ii) in the case of a picture intended for exhibition through the medium of a mechanical device	R5,00 for ten or fewer than ten pictures
(iii) in the case of a portion of a cinematograph film exhibited for the purpose of advertising such film	R5,00
(iv) in the case of an exhibited illustration or illustrations of any matter relating to a cinematograph film	R5,00 per cinematograph film
(c) an application for the review of a public entertainment or intended public entertainment referred to in section 33 (1) of the Act	R50,00

## COPIES OF CERTIFICATES

- (6) The following amounts shall be payable in respect of—
- (a) a copy of a certificate of approval of a film referred to in section 22 of the Act—
    - (i) in the case of a cinematograph film including a film cassette, magnetic tape cassette or videoplate—
      - (aa) by the person who submitted that cinematograph film in terms of section 20 (1) or 25 (1) R 1,00
      - (bb) by any other person ..... 30,00
    - (ii) in the case of a picture intended for exhibition through the medium of a mechanical device 1,00
    - (iii) in the case of a portion of a cinematograph film exhibited for the purpose of advertising such film 1,00
    - (iv) in the case of an exhibited illustration or illustrations of any matter relating to a cinematograph film 1,00
  - (b) a copy of a report by the chairman of the appeal board referred to in section 36 (6) of the Act 5,00

(7) The chairman of the committee examining a film under section 21 (1) or 25 (2) (a) of the Act may demand from the person exhibiting that film to the committee any conclusive proof of the length or the running time of that film.

## PRESCRIBED FORMS AND PROCEDURES

13. (1) A reference in this regulation to a form in a schedule with a specific number is a reference to the form in the Schedule with that number.

(2) The application for exemption from any provision or provisions of section 8 of the Act shall be submitted to the director in the form of Schedule A.

(3) The permit that may be issued under section 19 (3) of the Act, shall be issued in the form of Schedule B.

(4) The application for the approval referred to in section 20 (1) of the Act shall be submitted in writing in the form of Schedule C and the application for review referred to in section 25 (1) of the Act shall be submitted in writing in the said form to the director, and approval of a film shall be made known in writing in the form of Schedule D, E, F or G, as the case may be.

(5) The application for exemption from the provisions of section 28 of the Act shall be submitted to the director in the form of Schedule H.

(6) The application for registration referred to in section 29 (2) of the Act shall be submitted to the director in the form of Schedule I and the registration certificate that may be issued under section 29 (3) of the Act shall be issued in the form of Schedule J.

(7) The application for review referred to in section 33 (1) of the Act shall be submitted in writing in the form of Schedule K.

(8) The notice of appeal referred to in section 40 (2) of the Act shall be submitted in writing in the form of Schedule L to the clerk of the appeal board.

(9) The authority for admission referred to in section 41 (1) of the Act shall be issued in the form of Schedule M.

## VOORLEGGING VAN PUBLIKASIES OF VOORWERPE

14. (1) Enige persoon buite die Republiek kan uit eie eweging of op versoek van 'n persoon in die Republiek 'n eksemplaar van 'n publikasie of voorwerp of van 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp aan die direkteur tuur vir ondersoek en 'n beslissing deur 'n komitee of aardie publikasie of voorwerp of uitgawe van 'n publikasie of voorwerp ongewens is al dan nie.

(2) Die direkteur stuur op versoek van die persoon wat onsoek gedoen het om 'n beslissing bedoel in artikel 10 (1) (a) van die Wet of om 'n permit bedoel in artikel 10 (1) (b) of (c) van die Wet, of wat 'n kennisgewing van ppèl bedoel in artikel 13 (2) (a) van die Wet ingedien het of wat kragtens artikel 15 (1) van die Wet onsoek om die hersiening van 'n beslissing ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp gedoen het, die eksemplaar van die betrokke publikasie of voorwerp of van die betrokke uitgawe van 'n publikasie of voorwerp, nadat dit aan sy doel beantwoord het, aan die aansoeker of die persoon wat sodanige eksemplaar aan die direkteur gestuur het: Met dien verstande dat indien sodanige eksemplaar deur 'n komitee ongewens bevind is, dit slegs aan die persoon wat sodanige eksemplaar aan die direkteur gestuur het, en aan niemand anders nie, teruggestuur word.

(3) Indien geen versoek ooreenkomsig subregulasie (2) esame met die betrokke aansoek ontvang is nie, of binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop die aansoeker van die beslissing aangaande sy aansoek verrig is, ontvang is nie, word oor die eksemplaar van die betrokke publikasie of voorwerp of van die betrokke uitgawe van 'n publikasie of voorwerp beskik soos die direkteur mag gelas.

## AFNEEM VAN BESONDERHEDE TEN OPSIGTE VAN 'N PUBLIKASIE OF VOORWERP

15. Die besonderhede wat kragtens artikel 17 (1) (c) van die Wet ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp wat bewys skyn te lewer van 'n oortreding van die Wet, afgeleem kan word, is soos volg:

- (a) Die naam en/of beskrywing van die publikasie of voorwerp.
- (b) Die onderwerp of aard van die publikasie of voorwerp.
- (c) Die naam van die skrywer of voortbringer.
- (d) Die naam van die uitgewer en sy adres.
- (e) Die jaar en nommer van die betrokke uitgawe.
- (f) 'n Aanduiding van die gedeelte of gedeeltes wat binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens skyn te wees.

## VOORLEGGING VAN ROLPRENTE

